FORMULIER VIR DIE BAN OF AFSNYDING VAN 'N LIDMAAT VAN DIE GEMEENTE

Geliefdes in die Here Jesus Christus,
Daar is reeds verskeie kere bekend gemaak dat N ernstig gesondig het en daardeur ernstig aanstoot gegee het. Dit het ons gedoen sodat hy/sy deur u Christelike vermanings en gebede hom/haar tot God kan bekeer. Hy/sy het in die strik van die duiwel geval, en dié hou hom/haar in sy mag om sy wil te doen. Hy/sy verset hom/haar hardnekkig teen die wil van die Vader. Met hartseer moet ons sê dat niemand tot nou toe kon getuig dat hy/sy sy/haar sonde opreg bely en ware berou betoon het en hom/haar van sy/haar verkeerde pad bekeer het nie. Inteendeel, hy/sy maak sy/haar skuld deur verharding en 'n onbekeerlike hart nog elke dag meer. Ons het u reeds meegedeel dat ons die laaste geneesmiddel sal moet toepas as hy/sy hom/haar na al die geduld wat die kerk gehad het, nie bekeer nie. Hy/sy moet volgens opdrag van God van die gemeente afgesny word, sodat die hele liggaam nie deur die verrottende en tot nog toe ongeneeslike lid besmet en die Naam van God gelaster word nie.
Daarom verklaar ons, die kerkraad van hierdie gemeente, in die Naam en krag van ons Here Jesus Christus dat N nou uit die gemeente van God uitgesluit is. Met opregte droefheid sny ons hom/haar af van die gemeenskap met Christus, van die heilige sakramente, van alle geestelike seëninge van God wat die gemeente kragtens die belofte van die Koning van die kerk toekom. Jesus Christus sê immers: Alles wat julle op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly.
Geliefde Christene, ons vermaan u: moet nie met hom/haar omgaan nie, sodat hy/sy beskaam mag word. U moet hom/haar egter nie as vyand beskou nie maar wys hom/ haar juis van tyd tot tyd in liefde tereg.
Geliefde broeder en suster, u het gesien hoe hierdie man/vrou deur verharding tot 'n val gekom het. Leer uit hierdie hartseer saak opnuut om die Here met ontsag lief te hê en luister na die woorde van die apostel: Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Volhard daarom getrou in die gemeenskap met die Vader en die Seun en die Heilige Gees en ook met alle gelowiges. Doen dit tot die einde toe in die hoop op die heerlikheid van God. Waak en stry dan teen die sonde, die duiwel en sy listigheid; moet nie u hart verhard nie; bely u sondes, betoon berou en sorg deur bekering dat u lewenswyse in ooreenstemming met die evangelie van Christus is.
Laat ons elke las afgooi, ook die sonde, wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat voor ons lê, met volharding loop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van ons geloof - alles tot eer van God die Here.
Aangesien dit egter God is wat in ons werk en ons gewillig en bekwaam maak om sy heilige plan uit te voer, laat ons sy Naam aanroep.
Almagtige, regverdige God en barmhartige Vader,
Ons bely dat ons swaar teen u gesondig het. Ons verdien die hartseer en smart wat die afsnyding van ons gewese lidmaat by ons veroorsaak het. Ons bid U, wees ons om Christus ontwil genadig en barmhartig; vergewe ons, Here, en handel met ons nie volgens ons sondes en vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie. Ons bid U, wek deur u Gees in ons hart steeds meer 'n gevoel van hartseer oor die sonde. Laat ons U, die Here, met ontsag liefhê vanweë u oordele oor hulle wat sonder berou of bekering hardnekkig in die sonde bly voortlewe. Bewaar ons van besmetting deur die wêreld. Gee ons die krag tot bekering in die lewe in Jesus Christus. Ons smeek U, seën ons vermanings. Bring uit genade en deur ons vermaning en voorbeeld die afgesnyde sondaar/sondares en almal wat hulle verhard en in ongeloof lewe, weer op die regte pad terug. Bring ook oor ons vreugde in plaas van hartseer, blydskap in plaas van droefheid. Laat so u Naam geheilig word in Jesus Christus, ons Here, deur die gemeenskap van die Heilige Gees, tot in ewigheid. Amen.